VEELS GELUK AAN ALMAL WAT VERJAAR!

Sondag:	Jacques Bosman, Brenda Botha, Vos Hattingh, Charl Nieder-Heitmann, Basil Pagel, Marguerite Whitehead.
Maandag:	Ingrid de Loor, Christiaan Durand, Deon Jurgens, Joey Koffeman, Elizca Theron, Lida Vlok.
Dinsdag:	Martin Booyens, Mercia Huisamen, André Mouton, Gertie Viljoen.
Woensdag:	Lindi Jansen van Vuuren, Reinette Lourens.
Donderdag:	Yvonne Louw, Karla Maree, Erica Momberg.
Vrydag:	Pieter Greef, Dalene Strauss.
Saterdag:	Theunis Erasmus, Marinda Hurst.

HAM BEHEERRAADSLEDE

Huis Andrew Murray Kinder– en Jeugsorgsentrums benodig kundigheid op die beheerraad en is op soek na persone met 'n positiewe lewens-ingesteldheid teenoor kinders en jeugdiges.
Die ampstermyn verstrek op 31 Maart 2026, maar kan verleng word.
Diensaanvaarding: Junie 2025
Rig volledige CV aan: manager@andrewmurray.org.za

NG Gemeente Suider-Strand
Vakante pos: Administratiewe Bestuurder

Vereiste: 'n Toepaslike graad met Finansiële Rekeningkunde, asook ondervinding in Personeelbestuur
Stuur kort motiveringsbrief en volledige CV aan: admin@ngss.co.za
Meer inligting: Sel-Marie by 021 854 5076, **Sluitingsdatum 28 April 2025**

Hoekom lui ons kerkklok nie (meer nie)?

Diegene wat wonder hoekom ons kerkklok nie (meer) lui nie en wat saam wil dink en wonder of dit weer moet / kan lui, is welkom om te kom luister na en deel te neem aan 'n gesprek hieroor op Maandag 12 Mei 2025, om 19:00, in die Famileikamer.

Jy kan ook van die **Snapscan** toepassing op jou slimfoon gebruik maak om jou dankoffer weekliks (tydens eredienste) en maandeliks te gee. Onthou asb. die regte verwysing. **B**ankoffer vir dankoffer tydens erediens **D**ankoffer vir maandelikse dankoffer.

Familiekerk
NG Hottentots-Holland
Dissipels van Jesus

FAMILIENUUS

SONDAG 13 APRIL 2025

WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS

Vandag is Palmsondag

09:00: DS HENNIE FOUCHÉ
SKRIFLESING: MARKUS 11:1 - 11
TEMA: PALMSONDAG LAAT ONS ANDERS DINK OOR ***MAG***

Kom drink gerus tee / koffie na die diens en kuier met mekaar.

Vandag se deuroffer: Macassar Ligdraers

Macassar Ligdraers se roeping is om die Evangelie *in liefde* te bring aan die jonger kinders van Macassar. Hierdie is 'n bediening wat ontstaan het vanuit ons gemeente. Laerskool Macassar gee ons die geleentheid om gedurende skooltyd die kinders in klasverband te ontmoet, en 'n kort Bybel-les aan hulle oor te dra.

Die geld wat ingesamel word, word gebruik vir lesmateriaal. Vanjaar gaan ons ook vir die graad 4 kinders elkeen 'n boekie gee, wat hulle kan huis toe neem en saam met hulle ouers kan lees. Die geld word ook gebruik om iets vir die onderwysers te gee - om dankie te sê vir die werk wat hulle doen met kinders van ons land.

Hier is 'n **dringende behoefte** en '**n gulde geleentheid** om te help om lesse aan te bied. Net 60 minute elke week!

Volgende week se deuroffer: Gemeentebediening

Leraars: Samantha Chamberlain 082 379 4567 sam@nghottentotsholland.co.za
Hennie Fouché 082 859 5646; hennie@nghottentotsholland.co.za
Kerkkantoor: Pleinstraat 20, Somerset-Wes, 7130 Maandag tot Vrydag 08:30 - 13:00
Telefoon: 021 852 5004 **E-pos:** yolandi@nghottentotsholland.co.za
Selfoon: 063 751 8171 (slegs vir Whatsapp-boodskappe)
Bankbesonderhede: NG Kerk Hottentots-Holland; ABSA Rek 2900 5900 51
Direkte Erediens-uitsendings: **https://live.eclipse-streaming.co.za/NG-HH-vjs/**
YouTube adres: https://youtube.com/channel/UC6L0OCh0mvcwrmqkI1iWULA
Potgooi: https://bit.ly/3SXY7FI

PROGRAM VIR DIE WEEK

Maandag - Donderdag	19:00	Lydensweek byeenkomste in die kerk
Dinsdag:	10:00	Kuier geleentheid (Familiekamer)
Woensdag:	8:45	Bybelstudie (Familiekamer) - Romeine 9 - 11
	10:00	Bybelstudie by Huis Vonke - Openbaring
Vrydag:	9:00	Goeie Vrydag - Nagmaal in die Kerkgebou
Sondag:	6:30	Sonsopkomsdiens in die Natuurreservaat
	9:00	Opstandingsdiens in die Kerkgebou

Bybelgesprek op Woensdagoggende

Wat nou van die Jode?

Woensdag gaan ons voort met die kort reeks wat handel oor hierdie vraag - na aanleiding van Romeine 9-11.
Elke Woensdag 8:45-9:45 in die Familiekamer.
Jy is baie welkom om dit te kom bywoon Jy kan net opdaag

Vakature in ons Gemeente vir Boekhouer

Luna Hoffmann, sedert 2021 ons gemeente se boekhouer, het bedank en voltooi haar diens op 30 April 2025. Enigiemand met die nodige kwalifikasies kan aansoek doen vir hierdie pos voor / op 17 April. Meer besonderhede is op die bord in die voorportaal, op die gemeente se webblad of by die kerkkantoor beskikbaar.
Diensaanvaarding op 1 Mei, of so gou moontlik ddaarna.

Vingerlose handskoene vir Macassar Primêr se ligdraers.

Die Winter kom vinnig nader en ons wil poog om vir elke kind ń paar handskoene te gee. Daar is 1300 leerders. Jou hulp sal baie waardeer word. Indien jy nie self brei nie kan jy gerus **navy blou wol** vir hierdie projek skenk. Daar sal wol in die portaal beskikbaar wees, maar jy kan jou eie ook gebruik. Patroon beskikbaar by die Kerkkantoor. Gee gerus jou wol of handskoene by die Kerkkantoor af.

Egpaar op soek'n **Eenslaapkamer-Woonstel**. As jy dalk weet van so 'n woonstel wat beskikbaar is, kontak asb vir Hennie (0828595646) of die kerkkantoor.

Kom kuier saam!

Ons volgende kuier-geleentheid vind plaas op Dinsdag, **15 April**. Almal wat gedurende die dag so iets kan bywoon is welkom. As gevolg van onvermydelike omstandighede sal Lee Randall eers by 'n later geleentheid haar ondervindings met ons kom deel.
Ons gaan Dinsdag se geleentheid gebruik om mekaar te verryk met ons eie interessante en vermaaklike stories, stories wat ons met dankbaarheid onthou, en ons dalk nog steeds laat lag.
Kom kuier gerus saam met ou en nuwe vriende.
Onthou: Onbekende mense is vriende wat jy nog nie leer ken het nie.
Jy hoef nie vooraf te laat weet nie - bring gerus iemand saam

Omgeegroepe vir gesinne met kinders

Tydens gesprekke van kerkraadslede met ander gemeentelede deur die loop van 2024 het gesinne met jonger kinders die behoefte uitgespreek om deel te wees van omgeegroepe waar die kinders ook akkommodeer kan word. Laat weet gerus die kerkkantoor as julle gesin deel van so 'n groep wil raak. Die dominees sal julle help om daarmee aan die gang te kom.